



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

“Teen die Revolusie die Evangelie”

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreeke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG Calvyn

Die Gees getuig: die Bybel is die Woord van God
 “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor ...” – Joh. 16:13

Die getuienis van die Heilige Gees is voortrefliker as enige verstandelike beredenering. God alleen is in sy Woord 'n voldoende getuie aangaande Homself. Net so sal die Woord ook nie in die mense se harte aanvaar word, voordat dit deur die innerlike getuienis van die Gees beseël is nie.

Dus, dieselfde Gees wat by monde van die profete gespreek het, moet tot in ons harte deurdring om ons te oortuig dat hulle getrou verkondig het wat God hulle beveel het. En hierdie skakel word baie paslik deur Jesaja uitgedruk in hierdie woorde: “My gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het en in die mond van jou kroos, sal in ewigheid nie wyk nie” (Jes. 59:21).

Dit moet dus vas bly staan dat hulle wat deur die Heilige Gees geleer is, volkome rus vind in die Skrif en dat dié Skrif sonder twyfel sy geloofwaardigheid in homself het. Dit mag nie aan bewysvoering en redenering onderwerp word nie.

Nogtans verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien deur die getuienis van die Gees. Want al verwerf die Skrif ook deur sy eie majesteit vir homself eerbied, werk dit tog eers ernstig op ons in wanneer dit deur die Gees in ons harte beseël is.

Verlig deur Sy krag, glo ons nie meer op grond van ons eie of ander se oordeel dat die Skrif van God af kom nie. Verhewe bo menslike oordeel, stel ons wel bo alle twyfel vas dat dit, deur die diens van mense, uit God se eie mond na ons gekom het. Dit is asof ons daár die Godheid van God aanskou.

Inst. I, 7, 4 en 5

O Gees van God, ons bid dat u die Woord vir ons 'n steeds wonderliker openbaring wil maak.



IN HIERDIE UITGAWE

Boek vir ons tyd	2
Die <i>Freedom Charter</i>	3
Wat is die Revolusie?	5
Perspektief op missionêre taak	6
Evolusie onsekerhede	10
Teïstiese evolusionisme	14
Uitbouing en reformasie	17
Verklaring	19

'n Boek vir ons tyd

Suid-Afrika by die afgrond

'n Boek wat sonder twyfel tot die tydsomstandighede van Suid-Afrika spreek! Nie om maar net weer alarmisties te wees nie, maar wel met 'n ernstige oproep tot die Christen, en meer bepaald aan die adres van die Afrikaner gerig. Ons beleef 'n tyd van revolusie en wanorde. Die bedroewende toneel waarin die land verkeer hoef nie aan lesers uitgespel te word nie. Daar is meer as genoeg aan eie beleving en nuusdekking om die punt te staaf.


Maar die dringende vraag wat tot ons almal spreek is: hoe kom ons daartoe om die tydsomstandighede reg te beoordeel, en is daar 'n goddelike uitweg uit die greep van die revolusionêre wantoestand, indien ons hoop en uitsig nog op die herstel van God se eer in hierdie land van geweld en onrus gevestig sou wees?

Teen die begin van die 19de eeu in Nederland het die vervalde toestand in sy vaderland die Christen- en volksman, Isac da Costa, aan die hart gegryp. Hoe kon hy, as ware gelowige, anders as om

teen die sekularisering wat hy in feitlik al die sektore van die godsdienstige, maatskaplike, die onderwys en die staatlke lewe waargeneem het, in protes te kom? In 'n bondige, maar kragtige boodskap aan sy volksgenote bring hy hierdie noodsituasie aan die man. Sy gepubliseerde werk het in Nederland tot een van die grootste herlewings in die geskiedenis gelei, en 'n grondige terugkeer na God en sy Woord tot gevolg gehad.

Die oorspronklike werk is so toepaslik vir ons tydsomstandighede dat dit nodig geag was om dit te vertaal, met die oog op die leserspubliek van Suid-Afrika, met 'n dringende oproep tot besinning oor wat in ons land aan die gebeur is. Die vertaling en illustratiewe toeligting is met groot sorg en kundigheid gedoen, sodat die boodskap wat Da Costa aan 'n vervalde Nederland wou tuisbring, vandag met dieselfde oortuiging en relevansie tot 'n Suid-Afrika wat by die afgrond te staan gekom het, spreek.

Dit is 'n boodskap gegrond op die Bybel, waaruit die kerninhoud tot die nypende kwessies van die Nederlandse volkslewe van daardie tyd spreek en as't ware weerklank vind in die wantoestand wat ons in Suid-Afrika beleef. Ons het inderdaad tot by die afgrond gekom. Daar is slegs een van twee moontlikhede: of ons stort die afgrond van selfvernietiging in dieselfde stroom saam met die revolusionêres af, of ons stuit die revolusie met beslistheid vanuit die krag van ons Christelike oortuiging. Maar dan sal Afrikaners hulself teenoor God moet verantwoord en die verlossende en bevrydende krag wat die Evangelie bied opnuut moet aangryp. In die boek word die Bybelse uitweg, nl. die Evangelie en redding, teenoor die heersende ongeloof en revolusie gestel, as die allerantwoord op die vraag van vroeër.

Die boek getiteld: *Suid-Afrika by die afgrond* is van die VCHO verkrygbaar. 



Die *Freedom Charter* – grondslag van die revolusie? ¹

Geneem uit: *Die ANC en die rewolusionêre aanslag op kerk en politiek*,
deur prof. A.W.G. Raath

Inleidend

In *De Kat* van 26 November 1986 skryf prof. J. van der Westhuizen van die *Freedom Charter* dat dit 'n dokument is wat deur die ANC opgestel is en dat dit eerder anti-kapitalisties is as wat dit pro-sosialisties is. Hieraan voeg hy toe dat die stryd wat die ANC met hierdie dokument wil voer eerstens een vir *bevryding* en nie vir 'n bepaalde ekonomiese filosofie is nie. Ook verklaar hy dat die *Freedom Charter* as 'n basis vir onderhandelinge en as 'n nuttige bron by die opstel van 'n menseregtehandves kan dien. Dit is opvallend dat Van der Westhuizen die vorm van die *Freedom Charter* bloot op sigwaarde beoordeel sonder om met die materiële inhoud wat die ANC en die SAKP aan die dokument gee, rekening te hou. Die vraag ontstaan gevolglik of dit hoegenaamd moontlik is om die waarde van die *Freedom Charter* los van die lewens- en wêreldbeskoulike gronde waarop dit rus te beoordeel. By die beantwoording van hierdie vraag moet eerstens op die alliansie tussen die ANC en die SAKP gelet word. Tweedens behoort die *Freedom Charter* op grond van die inhoud en betekenis wat die ANC en die SAKP aan die dokument gee, beoordeel te word.

Die Alliansie van die ANC en SAKP

Sedert 1928 het 'n hegte band tussen die ANC en die SAKP ontwikkel. Hierdie selfde jaar het die Uitvoerende Komitee van die Komintern verklaar dat die SAKP besondere aandag behoort te skenk aan die opkoms van die ANC. Die SAKP moes aktief meehelp om die aktiwiteite van die ANC te bevorder. Die doel moes wees om die ANC in 'n nasionale rewolusionêre organisasie te verander wat die doelstellinge van die SAKP moes bevorder.

Sedertdien het die alliansie tussen hierdie twee organisasies al hoe hegger word. Die ineengevlegtheid van die politieke organisasie van die SAKP en die ANC is so heg dat uit hierdie geleedere by geleentheid verklaar is:

There are no significant differences of policy or strategy between us.

Vanuit die oogpunt van die SAKP moet die ANC die rol van 'n massabeweging vervul wat alle mense ongeag geloof, ras en volksverband tot 'n enkel massabeweging saamsnoer. Die SAKP sien dan sy taak as 'n party wat leiding aan hierdie massabeweging sal verskaf. Die rol van die SAKP in die politieke organisasie van die ANC is een van die belangrikste doelwitte van die SAKP. Die SAKP stel die verband tussen hierdie twee organisasies soos volg:

Concretely related to the CP, we maintain that it would be an act of dishonesty on our part if we failed to mention that the ANC helped a great deal to keep the CP alive. Of course this was a mutual process.

Hierdie uitsprake moet gesien word teen die agtergrond van die kommunistiese teorie dat Derde Wêreldlande nie direk na die fase van die kommunistiese revolusie kan oorgaan nie. Eers moet hierdie lande deur die fase van "nasionale bevryding" beweeg. Gedurende hierdie fase behoort 'n breë nasionale front tot stand gebring te word onder leiding van die ANC. Die *Freedom Charter* is veronderstel om die grondslag van die nasionale bevrydingsfase te vorm.



Wanneer die "nasionale bevryding" bewerkstellig is neem die tweede fase van die revolusie onder die SAKP 'n aanvang. Hierna moet, onder leiding van die SAKP, 'n sogenaamde "people's democracy", oftewel kommunistiese staat, tot stand gebring word. Vir die SAKP speel die *Freedom Charter* 'n onontbeerlike rol tydens die eerste fase van die revolusie. In die program van die SAKP word dit soos volg gestel:

The Communist Party pledges its unqualified support for the *Freedom Charter*. It considers that the achievement of its aims will answer the pressing and immediate needs of the people and lay the indispensable basis for the advance of our country along non-capitalist lines to a communist and socialist future. It is in this situation that the Communist Party advances its immediate proposals, before the workers and democratic people of South

Vervolg op bl. 4

¹ Hierdie opstel fokus op die *Freedom Charter* as bloudruk vir die Marxistiese revolusie. Dit is gebaseer op 'n voordrag gelewer gedurende 1989 te Bloemfontein.

Vervolg van bl. 3

Africa. These are not proposals for a socialist state. They are proposals for the building of a national democratic state. The proposals are put forward within the framework of the *Freedom Charter* which the party considers to be suitable as a general statement of the aims of a state of national democracy.

Die inhoud van die *Freedom Charter* volgens die ANC en die SAKP

Eerstens moet daarop gelet word dat die *Freedom Charter* geen konstitusie is nie, maar bloot 'n stel breë riglyne waarvolgens die eerste fase van die revolusie verwesenlik moet word. Ook is die inhoud van die dokument ooglopend dubbelsinnig geformuleer deur terme soos "democratic state", "democratic organs" en "democratic change" te gebruik. Volgens die kommunistiese siening van hierdie begrip staan "people's democracy" vir 'n diktatuur van die proletariaat. Van "demokrasie" verklaar die ANC byvoorbeeld:

We must develop a revolutionary perspective of democracy that is uncompromisingly hostile to narrow nationalism.

Tweedens word die materiële inhoud en betekenis wat die ANC en die SAKP aan die *Freedom Charter* gee in die lig van hulle eie interpretasie van die dokument besonder duidelik. Hiervan kan enkele voorbeelde genoem word:

- (a) Volgens die ANC moet alle besit genasionaliseer word. Die ANC stel dit soos volg:

An ANC government shall restore the wealth of our country, the heritage of all South Africans to the people as a whole. The mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry shall be transferred to ownership of the people as a whole.

Hierdie uitgangspunt vind ook sy neerslag in die opvatting van die ANC dat die

herverdeling van grond in Suid-Afrika nie sal geskied aan individue nie, maar dat die grond sodanig verdeel sal word dat kollektiewe plase naas staatsbeheerde plase sal bestaan.

- (b) Volgens die ANC kan die ideale van die *Freedom Charter* slegs deur middel van 'n gewelddadige revolusie bereik word. 'n Segsman van die ANC het onlangs verklaar dat ten einde die ideale van die *Freedom Charter* te bereik, die ANC en sy bondgenote alle vorme van stryd – ook gewelddadige en gewapende revolusie – sal gebruik om die bestaande orde in Suid-Afrika omver te werp. Voorts word verklaar dat die *Freedom Charter* 'n revolusionêre dokument is – dit lê die grondslag vir 'n "nasionale demokratiese revolusie" wat gerig is teen die bestaande orde in Suid-Afrika.
- (c) Volgens die ANC is die *Freedom Charter* geen bloudruk vir 'n regverdige staatsorde in Suid-Afrika nie. Die *Freedom Charter* is bloot 'n korttermyninstrument wat die komende revolusie in Suid-Afrika moet verhaas. Die ANC sien die *Freedom Charter* as 'n besondere bron van inspirasie wat die afgelope vyf-entwintig jaar die oog van die swartman op die komende revolusie moes vestig. As sodanig bestaan daar geen twyfel dat die ANC die *Freedom Charter* se waarde grootliks in verband met die fase vir die voorbereiding van die revolusie bring nie.

By geleentheid het die ANC self verklaar dat hy nie die *Freedom Charter* as 'n "heilige dokument" sien nie en dat die *Freedom Charter* selfs in die toekoms geskrap kan word indien dit sy doel gedien het.

Hierdie gedagte kry besondere betekenis teen die agtergrond van die opvatting van die twee-fase revolusie wat deur die ANC onderskryf word.

Volgens die Marxistiese kommunisme behels die twee-fase revolusie eers tens 'n "nasionale bevrydingsfase" en 'n tweede fase waarin 'n volksdemokrasie of kommunistiese staat tot stand gebring

moet word. Volgens die ANC is hierdie "nasionale stryd" en die "sosialistiese" stryd nie dieselfde verskynsel nie en hulle behoort nie tot dieselfde historiese periode nie. Hierdie is twee verskillende fases van die revolusie en die belang hiervan word deur die ANC soos volg gestel:

... it is very important for our theoretically grounded organisers to give to our people a concrete understanding of the course our revolution will follow, that is the stages it will necessarily pass through.

- (d) Met die aanvaarding van die program "The road to South African freedom" deur die SAKP in 1962, is eksplisiet verklaar dat die totstandkoming van 'n "nasionale demokratiese staat" op die SAKP-lees geskoei, slegs binne die raamwerk van die *Freedom Charter* moontlik is. Met die onderskrywing van die *Freedom Charter* deur die SAKP is die besondere hegte band tussen die SAKP en die ANC duidelik bewys. Voorts het dit egter ook die grondslag vir toekomstige samewerking tussen hierdie twee organisasies gelê.
- (e) Volgens die ANC is die "revolusionêre demokrasie", soos dit in die *Freedom Charter* tot uitdrukking kom, geen statiese begrip nie, maar 'n dinamiese sosio-politiese begrip wat inherent aan die klassestryd is. Dit is egter duidelik dat die begrippe "revolusionêre demokrasie" deur die ANC as sinoniem vir die diktatuur van die werkersklasse gebruik word.

Samevatting

- (a) Die ANC sien die *Freedom Charter* as geen bloudruk vir hervorming in Suid-Afrika nie – intendeel, dit is 'n revolusionêre dokument wat 'n belangrike rol in die eerste fase van die kommunistiese revolusie moet speel.
- (b) Die *Freedom Charter* het vir die ANC dus slegs instrumentele waarde om 'n revolusie in Suid-Afrika tot stand

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

- te bring – hiermee sal die waarde van die *Freedom Charter* dan met-een verdwyn.
- (c) Die inhoud wat die ANC en die SAKP aan die *Freedom Charter* gee, getuig daarvan dat dit met die Christelike staatsopvatting onversoenbaar is. Die *Freedom Charter* is dus geen “neutrale” dokument waarin willekeurig inhoudes gegee kan

word om hervorming in Suid-Afrika te bepleit nie.

- (d) Teen die agtergrond van die Marxistiese inhoudes wat die ANC en die SAKP aan die dokument gee, en gegee die nihilistiese en revolusionistiese uitgangspunte waarop hierdie organisasies staan, is dit meteen duidelik dat ondeurdagte en naïewe oproepe tot steun vir die *Freedom Charter* die revolusionêre oogmerke van organisasies kan bevorder, wat

geen wesentlike bydrae tot die vernuwing van die Suid-Afrikaanse staatsinrigting kan maak nie.

- (e) 'n Ernstige beroep moet dus gedoen word dat die aard en die rol van die *Freedom Charter* slegs vanuit die lewens- en wêreldbeskoulike grondslae waarop dit berus, beoordeel kan word. Die voor-die-hand-liggende onaanvaarbare inhoudes van dié dokument sal dan meteen aan die lig kom.

Wat is die Revolusie?

**Geneem uit die vertaalde werk van Groen van Prinsterer,
Teen die Rewolusie die Evangelie, deur prof. S du Toit**

Een van Van Prinsterer se bekendste werke is getiteld: *Ongeloof en Revolusie*. Dit bevat die gedagte wat as die rigsnoer vir Van Prinsterer se staatkundige beskouinge gesien word en wat hy talle kere van alle kante toegelig het. Dit naamlik dat daar tussen ongelooft en Revolusie 'n onverbreekbare en onontkombare samehang bestaan. Wat hy onder ongelooft verstaan, het geen toeligting nodig nie: dit is die verwerping van die geopenbaarde waarheid van God.

Minder vanselfsprekend egter is die betekenis van die begrip 'Revolusie'. Wie Van Prinsterer se gedagtegang hierin wil volg, moet sy spraakgebruik ken. Onbekendheid daarmee het meer-male tot gevolg gehad dat van sy bedoelinge as 'n karikatuur geteken is. As ons praat van revolusie, bedoel ons gewoonlik 'n verplasing van die gesag in die staat of 'n poging in dié rigting. Ons vind hierdie betekenis ook wel by Van Prinsterer. Maar dit is nie met die oog hierop dat hy homself anti-revolusionêr genoem het nie; intendeel, omwentelinge soos van die Nederlande in die 16de eeu en van die Engelse in 1688 het sy volle instemming gehad. Dié het hy gereken tot die “konserwatiewe, Christelik-historiese, by uitstek anti-revolusionêre” revolusies, wat van die werklike “revolusionêre revolusie” hemelsbreed verskil.

Nee, waar dit vir Van Prinsterer oor die Revolusie met 'n hoofletter gaan,

bedoel hy nie 'n bepaalde voorval uit die verlede nie, maar 'n blywende gesindheid, waarvan die Franse omwenteling weliswaar 'n hoogs belangrike, maar tog slegs één gebeurte was. Die Revolusie was immers “die stelselmatige omkering van begrippe, waardeur, in die plek van die ordeninge van God, die eiewysheid en willekeur van die mens ten grondslag van staat en maatskappy, van reg en waarheid gelê word”.

Hierdie Revolusie nou, wat in die Franse omwenteling vir die eerste maal as beheersende vormkrag openbaar geword het, het sedertdien in die Europese staatkunde die oorhand behou. Hiervan het Van Prinsterer beweer dat dit “met al sy verskeidenhede van teoretiese en praktiese rigtinge en gedaantes, gevolg en toepassing, die ontploffing van die ongelooft” is. In genoemde werk het hy hierdie stelling in die breëre sin ontwikkel. Eers toon hy daar negatief die faktore aan waarvan ten onregte beweer is dat dit oorsaak van die Revolusie sou gewees het. Daarna bespreek hy die beginsels waaruit, na sy mening, die Revolusie wêl voortgevloei het.

Tot die eerstes het hy in besonder die Reformasie en die bestaande misbruike gereken. Reeds in sy tyd is dikwels, deur Roomse en vrysinniges, die ontstaan van die Revolusie op die rekening van die Hervorming geskryf. Van Prinsterer was 'n presies teenoorgestelde mening toegedaan. “Die Revolusie is, in

verband met die wêreldgeskiedenis, in omgekeerde sin wat die Hervorming vir die Christendom geword het. Soos laasgenoemde Europa uit die bygeloof gered het, so het die Omwenteling die beskaafde wêreld in die afgrond van die ongelooft gewerp. Soos die Reformasie strek die Revolusie hom oor elke gebied van praktyk en wetenskap uit. Toe was (dit) onderwerping aan God, (maar) tans is opstand teen God die beginsel.”

Elders vat hy hierdie teëstelling soos volg saam: “Die Revolusie gaan uit van die soewereiniteit van die mens; die Reformasie van die soewereiniteit van God. Die een laat die (Gods)openbaring beoordeel deur die rede; die ander onderwerp die rede aan die geopenbaarde Waarheid. Die een voer die individuele mening tot uitbarsting; die ander voer tot die eenheid van die geloof. Die een verbreek die maatskaplike en selfs gesinsbande; die ander verstewig en heilig dit. Eersgenoemde handhaaf sigself deur moorde, laasgenoemde oorwin deur die martelare. Die een kom uit die afgrond, die ander daal van die hemel af.”

Ten tweede: die omvang van die misbruike is nie-toereikend om as 'n revolusie verklaar te word, soos die Franse een was nie. Die misstande was nie meer as “onderskikte oorsaak van die Revolusie nie ... In die verbastering van die Europese state was aanleiding genoeg om, wanneer hervormde wysheid

Vervolg op bl. 13

Abraham, vader van 'n menigte nasies: 'n Openbaringshistoriese perspektief op die kerk se missionêre taak

Prof. J.A.E. Adendorff

In die Suid-Afrikaanse konteks, en met name in Afrikanergeleedere, loop die menings oor sending uiteen. Wie oor sending in sekere kringe praat, loop gevaar om nie net teëgesprek nie, maar ook verwerp te word. Daar is egter ook 'n ander perspektief: Wie sending teëspreek, spreek die Skrif teë en loop gevaar om onder die oordeel van God te staan te kom. In die Skrif word immers die openbaring aangaande God se groot reddingsplan soos dit deur die eeue ontvou en in Christus sy hoogtepunt bereik het, gevind. Dit gaan vir God om die redding van mense. En in hierdie reddingsplan speel die kerk en sy sending na die wêreld 'n belangrike rol. Hierdie artikel wil dié rol van die kerk Skriftuurlik belig deur die belofte van God aan Abraham in Gen. 17:4 as oriënteringspunt te neem.

1. Die aanloop tot die belofte

Op die sesde skeppingsdag het die grote God met Homself ter rade gegaan en gesê: *Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip* (Gen. 1:26). By geen ander skeppingshandeling is 'n voorafgaande Self-gesprek opgeteken nie. Dit dui alreeds op die unieke plek wat hierdie besondere skepsel in die geheel van sy skeppingswerk sou beklee. Maar daar is meer: Die Godswoord dui uitdruklik die hoë posisie van hierdie skepsel aan: beeld van God!

Die betekenis van die uitdrukking *beeld van God* het Bybelverklaarders deur die eeue heen laat koprap. Sommige het die verklaring dogmaties ingeklee en die mens as draer van God se sg. mededeelbare eienskappe (liefde, genade, trou, ens.) geteken. Ander het dit in die mens se rasionaliteit gesoek –

die feit dat die mens anders as die res van die skepping kan dink en redeneer. Nog ander het die fokus laat val op die feit dat die mens 'n verhoudingswese is. 'n Volgende moontlikheid is om die betekenis in die rigting van verteenwoordiging te soek. So wil Longman (2001:5) byvoorbeeld die verklaring in die gebruik van beelde in die antieke Nabye Ooste vind. Soos 'n antieke koning beelde van homself geskep en dit oral in sy koninkryk opgerig het om die volk aan sy teenwoordigheid en gesag te herinner, het God die mens op so 'n wyse geskep dat hy God se teenwoordigheid op aarde verteenwoordig. Dit beteken nie dat God afwesig is of vir sy teenwoordigheid van die mens se verteenwoordiging afhanklik is nie. Inteendeel, soos Heyns (1978:125) dit duidelik stel: "Hy is teenwoordig – handelend teenwoordig op aarde, maar op 'n onsigbare wyse. Deur nou die mens na sy beeld te skep, word God in en deur die mens sigbaar teenwoordig." Uiteindelik lê die volle betekenis van die uitdrukking waarskynlik in 'n samespel van al bg. betekenis. Uit die skeppingsberig is dit duidelik dat die mens die kroon van God se skepping is wie se lewensdoel dit is om sy Skepper se eer te soek.

Van sy ganse skepping verklaar God in Gen. 1:31 dat dit baie goed is. Daarmee het Hy nie net sy goedkeuring aan sy skeppingswerk geheg nie, maar ook, soos Goldsworthy (1991:112) aandui, sy liefde vir sy skepping verklaar. Die krag van hierdie liefdesverbintenis sou duideliker word soos die Godsopenbaring verder ontvou. Dit is die diepste rede waarom God nie van sy skepping weggestap het na die sondeval nie, maar sy reddingsplan in werking gestel het.

Spoedig het die mens van 'n ander teenwoordigheid bewus geword – 'n lokstem wat vertwyfeling saai: *Is dit ook*



*so dat God gesê het ...? (Gen. 3:1). Gen. 3 skets die tragedie in die tuin wanneer die verleier in sy doel slaag en die mensepaar in 'n rebelse strewe om soos God te wees van die verbode vrug eet. Van daardie oomblik af sou die mens ook iets anders verteenwoordig: die bose en sy destruktiewe mag! Die krag van hierdie vernietigende mag het duidelik geword in die verspreiding van die sonde oor die aarde, soveel so dat Gen. 6:6 die skokkende aankondiging doen dat *dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het*. Hierdie oorspoeling van sonde op sy eens goeie aarde roep God se regverdige oordeel af en Hy oorspoel die aarde met die water van vernietiging. Te midde van sy oordeel skitter sy genade egter ook: Verteenwoordigers van al die lewende wesens (die mens inklusief) word in 'n dobberende houtkonstruksie bewaar! God begin as't ware weer met 'n deel van sy skepping wat Hy deur die oordeel heen gered het.*

Dit blyk gou dat die sonde se mag nie deur die sondvloed uitgewis is nie. Die mensdom vorm 'n magsblok téén God deur in stryd met sy opdrag op een plek te bly en daar vir hulle 'n hemelhoë toring op te rig. Wanneer God hulle spraak

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

verwar, versprei hulle oor die hele aarde om as verskillende familie-groepe tot volke te ontwikkel, elk met sy eie taal en kultuur. 'n Wesenlike gevaar het egter bestaan dat alle kennis aangaande God tot niet kon gaan. Daarom roep God uit Ur 'n man aan wie Hy Hom openbaar en deur wie se nageslag Hy die nasies wil seën. Hy verbind Hom aan Abraham en sy nageslag met 'n bloedband. Binne die ruimte van hierdie bloedverbond gee die Here dan die belofte dat Abraham *die vader van 'n menigte van nasies* (sal) word (Gen. 17:4).

2. Die inhoud van die belofte

Hierdie belofte vorm deel van die belofte-kompleks van die Abrahamitiese verbond. Dit staan in noue verband met die Here se uitsprake in Gen. 12 en Gen. 15. Gen. 12:1-3 spel die belofte in hulle volle omvang uit, nl. 'n eie land, 'n groot nageslag en die Here se seën. Na jare se oënskynlik tevergeefse wag vra Abram die Here in Gen. 15 na die realisering van die belofte. In antwoord op die vraag bevestig die Here die belofte en verbind Hom in 'n verbondsluiteremonie tot die waarmaking van die belofte aangaande die land.

In Gen. 17 staan die belofte aangaande 'n groot nageslag sentraal. Ná 'n inleidende gedeelte in Gen. 17:1-3a kom die verantwoordelikhede wat God as Hoofparty in die verbond op Homself neem in 17:3b-8 aan die orde. Twee sake word beloof: 'n groot nageslag (17:4-6) en God se ewige trou (17:7-8). Dit is insiggewend dat die belofte van 'n groot nageslag gegee word in 'n teksgedeelte wat deur die beklemtoning van Abraham se hoë ouderdom, te wete 99 jaar, in verse 1 en 24 omraam word. Die boodskap is dus duidelik: Abraham se nageslag het hulle bestaan aan God alleen te danke. Hulle is *nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore* (Joh. 1:13). Die belofte word herdenk in die naamsverandering wat Abraham ondergaan, nl. van Abram na Abraham (17:5). Soos Sailhamer (1990:138) aandui word die naam Abraham

geïnterpreteer deur die uitdrukking “vader van 'n menigte nasies”¹. Hierdie uitdrukking hou verband met die belofte in Gen. 12:3: *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word*. As 'n vaderfiguur sal Abraham dus 'n invloed uitoefen op mense wat nie sy biologiese afstammeling is nie.

Hierdie Abrahamitiese verbond met sy ryke belofte en dure verpligtings sou die res van die heilsgeskiedenis struktureer.

3. Die verwerkliking van die belofte

3.1 In die Ou Testamentiese bedeling

Die verwerkliking van die belofte het 'n aanvang geneem met die geboorte van Isak, die seun van die belofte. Uit sy twee seuns het God die jongste, Jakob, verkies om in hom en sy nageslag die verbondslin voort te sit. Na 'n veelbewoë geskiedenis van verknegting en verlossing roep God die volk wat uit die familie van Jakob gegroei het by Sinai saam. Daar maak Hy sy bedoeling met hulle bekend: *Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees* (Ex. 19:4-6). Geleerdes wys daarop dat daar 'n poëtiese balans in die verse is sodat die uitdrukking “my eiendom uit al die volke” (*sēgullāh mikkol-hā'ammim*), “'n koninkryk van priesters” (*mamleket kōhānim*) en “'n heilige nasie” (*gōy qādōš*) bykans sinonieme is en mekaar oor en weer verklaar. Soos Merrill (1991:33) dit stel: Israel se waarde as God se eiendom lê presies in haar funksie as 'n heilige koninkryk van priesters.

Hierdie uitspraak van God neem die tema van seën vir die nasies wat in die verbondsluiteremonie met Abraham na vore gekom het, weer op. Israel se bestaan was nooit 'n doel op sigself nie. Hulle bestaan het 'n hoër doel gehad: om die

bemiddelaars van God se genade aan die volke te wees. Daarom kan Walton (2009:91) na Israel verwys as God se openbaringsvolk: Deur die wet wat Hy aan hulle gegee het, deur hulle geskiedenis (wat sy goedheid, genade, getrouheid en soewereiniteit gedemonstreer het) en deur hulle geskryfte het Hy Homself aan die volke bekend gemaak.

Hierdie openbarings- en bemiddelingsdoel verklaar die keuse van Palestina as grondgebied vir God se volk. Palestina het op die kruispaaie van die destyds bekende wêreld gelê. Die groot hoofweë wat Mesopotamië in die noorde en Egipte in die suide verbind het, die sg. weg van die see (*via maris*) en die koninklike hoofweg, het deur Israel se grondgebied geloop. Wat in Israel gebeur, sou in die wêreld bekend word. Van daar kon 'n bepalende invloed op die omringende volke uitgeoefen word.

God se doel met Israel plaas die Ou Testamentiese wetgewing ook in 'n bepaalde perspektief. God se voorskrifte en bepalinge het elke aspek van Israel se lewe onder die heerskappy van God geplaas. Hulle moes deur hulle gehoorsaamheid aan Gods geboorte toon hoe 'n volk lyk wat die lewende Here as God het. So moes hulle 'n getuie vir God en 'n lig vir die nasies wees. Deur hulle Godvrugtige bestaan moes hulle mense uit ander volke trek om die God van Israel – die enigste, ware God – te aanbid.

God het sy doel met Israel ook deur hulle geskiedenis bereik. Wanneer Israel se geskiedenis 'n hoogtepunt bereik in die regeringstyd van koning Salomo, aanskou die volke die seën van die Here in die rykdom en wysheid van hierdie seun van Dawid. Die koningin van Skeba se verwondering is verteenwoordigend van die volke wat verbaas staan voor die heerlijkheid van God se volk en God se koning: *Die woord was waarheid wat ek in my land gehoor het oor u en oor u wysheid; en ek het die woorde nie geglo nie, totdat ek gekom en my oë gesien het; en kyk, die helfte is my nie meege-deel nie. U oortref in wysheid en in welvaart die gerug wat ek gehoor het. Gelukkig is u manne, gelukkig hierdie*


1. In Hebreeus is dit 'n woordspel op die naam Abraham ('abrahām en 'ab-hamôn gōyim).

Vervolg op bl. 9

Bekendstelling

'n Boek wat vir elke Christengelowige tot groot seën sal wees het pas by die VCHO verskyn. Dit is getiteld *Aan sy maaltyd; beleef saam die rykdom*. Inderdaad is dit 'n boek van groot geestelike rykdom oor die dieper en inniger beleving en betekenis van die nagmaal. Ds. J.G. (Hannes) Venter stel met sorgvuldige noukeurigheid die wese van die nagmaalsgebeure hier aan die leser voor. Dit is nie 'n

boek wat sommer net so geskryf is nie. Dit het die lig gesien na vele oordenking, die biddende opsien na God en sy Woord, die raadpleging van gesaghebbende bronne, formulering en herformulering, nabetrugting, in 'n deurgronding van die essensie van die nagmaal as 'n belewenismaal. En selfs dán is daar die erkenning dat die wonder van die genade van God, soos in die nagmaal geopenbaar, nie in sy volle reikwydte gepeil kan word nie. Ds. Venter wil van die oppervlakkige meedoen aan die nagmaal wegkom om by die dieper en kosbaarder skat van geestelike rykdom uit te kom, deur aan die leser te toon dat daar die nog onontginde skat is waarna gedelf moet word. Dit is hierdie ware en onoortreflike rykdom wat hy aan die Christengelowige blootlê, wat dit so 'n waardevolle boek maak. Hy vat die motivering vir die verskyning van hierdie boek saam in die woorde: "Bekommernis en opdrag" en skryf dan soos volg:



Gedurende my jare van bediening in die Ned. Geref. Kerk het ek algaande meer bewus geword van ons lidmate se onkunde aangaande die

volle betekenis van die nagmaal. Vir die oorgrote meerderheid lidmate is dit, ondanks die lering van die Heilige Skrif en ondanks die beskrywing in die Nagmaalsformulier, net 'n gedagtenismaal.

Die betekenis daarvan om saam met die Hoof van die kerk en die kosmos aan sy maaltyd te wees, mag nie tot 'n blote herinnering verskraal word nie. Wie dit doen, misken die geheel van die Skrifopenbaring met betrekking tot die groot en ryk betekenis van hierdie besondere maaltyd, ontnem hulleself die geestelike rykdom wat die hemelse Gasheer vir hulle wil laat toekom en bring tegeelyk oneer oor die Persoon en werk van Hom, ons Here Jesus Christus.

Die boek is van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys bekombaar teen R110,00, posgeld ingesluit. Navrae en bestellings moet gerig word na: Tel. nr. 051- 525 2341, faks. 051- 522 4513 of e-pos <vcho@mjvn.co.za>.

Vervolg van bl. 7

dienaars van u wat gedurig voor u staan, wat u wysheid hoor. Geloofd sy die HERE u God wat behae in u gehad het om u op die troon van Israel te laat sit! Omdat die HERE Israel vir ewig liefhet, het Hy u as koning aangestel om reg en geregtigheid te doen (1 Kon. 10:7-9). Maar ook wanneer Israel se geskiedenis in die ballingskap 'n laagtepunt bereik, word God se doel nie verydel nie. Sy oordeel oor sy volk se sonde is vir die omringende volke 'n vingerwysing na sy heiligheid en soewereiniteit. Maar daar is meer: Nou kom die nasies nie na Israel nie, maar Israel gaan na die nasies. En in die verstrooiing lewer hulle hul getuigenis, soos die lewe en woorde van Daniël en sy drie vriende duidelik aantoon. Selfs die grote Nebukadnesar moet erken dat die Here God is: *Nou prys ek, Nebukadnesar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel* (Dan. 4:37).

Dat God nie net oor Israel nie, maar ook oor ander volke begaan is, spreek duidelik uit sy handeling met die heidenvolke:

- Wanneer Hy Hom in Exodus deur die tien plae as die enigste God openbaar, is die openbaring nie net vir Israel bedoel nie, maar ook vir Egipte.
- Wanneer die boosheid van die Assiriërs opstyg voor sy aangesig, stuur Hy sy profeet Jona om hulle d.m.v. 'n oordeelsaankondiging tot bekering te roep. En wanneer hulle berou toon, weerhou God sy oordeel: *En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie* (Jona 3:10).

God se bewoënhed oor die heidenvolke spreek ook uit sy profetiese aankondigings:

- Die profeet Jesaja spreek grootse beloftes oor die heidenvolke uit. Robertson (2004:436) wys daar-

op dat elke deel van die boek getuigenis aflê van die feit dat 'n menigte mense uit die heidenvolke in die komende koninkryk van God ingesluit sal wees. Jes. 19:23-25 bevat bv. 'n aangrypende uitspraak van God oor Egipte en Assirië: *In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërske hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!* Hierdie hoofstuk in Jesaja met sy verstommende hoogtepunt het Bybelverklaarders al hoofbrekens besorg². Ten spyte van die eksegetiese uitdagings van die gedeelte, is die boodskap duidelik: God gaan sy onbeskryflik groot genade ook na Egipte en Assirië, die ou en nuwe vyande van Israel, uitbrei. Saam met Israel gaan hulle 'n drietal van Goddelike volke vorm. Wat die uitspraak so verstommend maak, is dat die Here genade aankondig vir Assirië, wie se wreedheid legendaries was en wat deur elke volk in Jesaja se tyd gevrees is.

- Om nog een te noem: In Sagaria 8 word God se aankondiging van 'n terugkeer van die oorblyfsel van sy volk gevind. In die stadium van die uitspraak was die herstel van Israel ná die ballingskap alreeds 'n feit. Die verwagting word egter uitgespreek dat nog meer volksgenote die terugkeer na Israel sal meemaak. En dan volg vanaf vers 20 'n aankondiging dat heidenvolke ook in hierdie toekomstige herstel sal deel: *So sê die HERE van die*

leërske: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërske te soek. Ek wil ook gaan! So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërske in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërske: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is (Sag. 9:20-23).

Bogenoemde verse uit Sagaria spreek nie net van 'n toekomstige bekering van die heidene nie, maar weerspieël ook die wyse waarop lede van heidenvolke in die Ou Testament tot aanbidding van die Here kon kom: Deur deel te word van die Godsvolk. Die inlywing van individue soos Ragab (vgl. Josua 2 en 6) en Rut is sprekende voorbeelde daarvan. Rut verlaat haar volksverband om deel te word van Naomi se volk. Die woorde van haar verbintenis spreek boekdele: *Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God* (Rut 1:16). Die heidensending in die Ou Testamentiese bedeling vertoon dus 'n middelpuntsoekende karakter.

Om op te som: Dit word vir die lesers van die Ou Testament gou duidelik dat die keuse vir Abraham en sy nageslag nie beteken het dat God die ander volke uit die oog verloor of afgeskryf het nie. Intendeel, die ganse Ou Testament spreek met helder stem dat God Hom met die ganse mensdom bemoei. Die fokus van die Ou Testamentiese geskiedenis is wel op Israel, maar dan 'n Israel in diens van God se reddingsplan vir die totale mensdom.

Die tweede en laaste deel van hierdie bydrae sal in 'n volgende uitgawe verskyn – Red.

2. Vergelyk in dié verband die opmerkings van Grogan (1986:125)

Evolusie – geknel deur onsekerhede!

- Prof. D.F.M. Strauss

In hierdie bydrae word slegs enkele knelpunte van die moderne afstammingsleer uitgelig – met die oog daarop dat die lesers van *Roeping en Riglyne* 'n bietjie meer krities mag nadink oor die wyse waarop evolusie met absolute sekerheid in die media figureer. Die bronne wat in die teks vermeld word verwys deurgaans na gesaghebbende natuurwetenskaplikes wat een of ander vorm van evolusie ondersteun – waarmee gedemonstreer word dat die probleme wat hieronder uitgelig word geensins versinsels is nie. Omgekeerd is dit opvallend dat kontemporêre kreasionistiese denkers hulle eweseer op feitelike gegewens beroep wat deur die hoofstroom natuurwetenskaplikes na vore gebring is (vgl. byvoorbeeld die werk van Jonathan Sarfati, 2010: *The Greatest Hoax on Earth? Refuting Dawkins on Evolution*, Atlanta Georgia: Creation Book Publishers).

Darwin en sy nakomelinge – die neo-Darwiniste – is oortuig dat alle lewensvorme na 'n enkele oorsprongsvorm teruggevoer kan word. Waar Darwin hom nie oor die ontstaan van die eerste lewende ding wou uitlaat nie, glo die neo-Darwiniste dat daar wel 'n toevallige oorgang van nie-lewende stofflike dinge tot lewende dinge plaasgevind het. Proporsioneel tot die *toenemende* detailkennis van die mikro-dimensies van die lewende sel vind ons 'n afname in die geloofwaardigheid van 'n *toevallige* ontstaan van lewende dinge.

Hoewel daar in die algemeen (selfs onder neo-Darwiniste) aangeneem word dat die woord “evolusie” (biotiese) *ontwikkeling* aandui, was dit veral Stephen Gould wat aangetoon het dat Darwin geensins *voortgang* in gedagte gehad het nie – eenvoudig omdat die *toevalsverhaal* dan sy gelding sou verloor.

Wanneer “evolusie” bloot as *verandering* omskryf word, is egter eenvoudig teruggeval op suiwer *fisiese* gegewens wat nie-lewend is en derhalwe in beginsel geen ruimte laat vir

biotiese ontwikkeling nie! Dit is die ironie van die fisikalisme in Darwin se *The Origin of Species* – dit bereik die teendeel van wat beoog word. Die verleentheidsprong na evolusie as blote *verandering* – gewoonlik geplaas in die konteks van die gedagte dat alles voortdurend verander – verloor natuurlik uit die oog dat die vermeende meganisme wat alle vorme van “evolusie” onderlê geensins verander nie: mutasie en natuurlike seleksie bly *konstant* te midde van alle verandering. (’n Mutasie is ’n plotselinge en spontane verandering in ’n DNS reeks.)


Gould wys eksplisiet daarop dat Darwin se teorie van *natuurlike seleksie* geensins vooruitgang in die algemeen suggereer nie en dat dit ook geen meganisme aanbied in terme waarvan algehele vooruitgang verwag kan word nie:

The problem that spawns this confusion within the Darwinian tradition may be simply stated as a paradox. The basic theory of natural selection offers no statement about general progress, and supplies no mechanism whereby overall advance might be expected. Yet both Western culture and the undeniable facts of a fossil record that started with bacteria alone, and has now exalted us, cry out in unison for a rationale that will place progress into the center of evolutionary theory (Gould, S.J. 1996. *Life's grandeur*. London: Vintage, bl. 136).

Enkele bladsye verder verklaar Gould dat die algemene aanname dat evolusie *voortgang* (hoër ontwikkeling) impliseer bloot 'n kulturele vooroordeel is:

We may identify our assumption that evolution must entail progress as a cultural bias, and we may recognize that no good scientific argument for expecting progress exists, no more so in our own time than in Darwin's day (Gould, 1996: 145).

Gevolgtrek is dat Darwin in homself 'n



radikale intellektueel en 'n *kulturele konserwatief* (Gould 1996: 144-145).

Hierby moet die dominante patroon van die paleontologiese rekord gevoeg word: *stasis* (konstantheid) – 'n tipe verskyn, bly vir miljoene jare konstant en verdwyn dan onveranderd. Eldredge¹ bely openlik dat paleontoloë gesê het “dat die geskiedenis van lewe die interpretasie van geleidelike ontwikkeling deur natuurlike seleksie ondersteun, alhoewel ons al die tyd geweet het dat dit nie waar is nie” (“terwyl we al die tyd wisten dat het niet waar was.” Aangehaal deur Van den Beukel, A., 2005, *Darwinisme: wetenskap en/of ideologie?* In: Dekker, C., Meester, R., & Van Woudenberg, R., *Schitterend Ongeluk of Sporen van Ontwerp?* Kampen: Ten Have, bl. 101-116, sien bl. 106; sien ook Eldredge, N., 1989, *Macroevolutionary dynamics*. New York: McGraw-Hill, bl. 65). Hieraan voeg hy die opmerking toe: “en dit vernietigde de ruggegraat van het voornaamste argument van de modern theorie van de evolutie” (aangehaal deur Van den Beukel, 2005:106).

¹ Eldredge is kurator in die Department of Invertebrates van die American Museum of Natural History.

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

Die volgende woorde van Stephen Gould draai geen doekies om nie. Hy merk op dat hy glo “that the most knowledgeable students of life’s history have always sensed the failure of the fossil record to supply the most desired ingredient of Western comfort: a clear signal of progress measured as some form of steadily increasing complexity for life as a whole through time”. Hieraan voeg hy toe:

The basic evidence cannot support such a view, for simple forms still predominate in most environments, as they always have. Faced with this undeniable fact, supporters of progress (that is, nearly all of us throughout the history of evolutionary thought) have shifted criteria and ended up grasping at straws (Gould 1996:167a.w.).

Vervolgens let ons vlugtig op enkele ander probleemkontekste.

Onsekerheid oor die ontstaan van die mens

Lyall Watson, ’n voormalige assistent van Raymond Dart (wat in 1925 die Taungskedel ontdek het), beklemtoon die skaarsheid van fossiel-materiaal:

The remarkable fact is that all the physical evidence we have for human evolution can still be placed, with room to spare, inside a single coffin. ... Modern apes, for instance, seem to have sprung out of nowhere. They have no yesterday, no fossil record. And the true origin of modern humans ... is, if we were to be honest with ourselves, an equally mysterious matter (Watson, L. 1982. *The Water People. Science Digest*, May, bl. 44).

In 1990 het Richard Leakey, waarskynlik die mees bekende paleo-antropoloog in die wêreld, eerlik insake die oorsprong van die mens bely: “all we have is a huge question mark” (PBS Dokumentêr, 1990).

Die suidelike ape (*Australopithecines* – waartoe die Taungskedel behoort) het met die ontdekking van *Homo habilis* en

die fossiel wat die registrasie-nommer 1470 ontvang het, dit laat lyk asof die prentjie gegee is in die opeenvolging van *Australopithecus*, *Homo habilis*, *Homo erectus* en *Homo sapiens*, met die 14 miljoen jaar oue *Kenyapithecus wickeri* as ’n waarskynlike vroeëre lid van die *hominidae* familie. Laasgenoemde sou egter blyk niks meer as ’n aap te wees nie, terwyl die toetse wat Spoor en sy vriende gedoen het aangetoon het dat *Homo habilis* normaalweg nie regop geloop het nie (sien De Brugh, M. 1995. Oren om Rechtop te lopen. In: *Wetenschap, Cultuur en Samenleving*, 24(1/2):19-22; ook Spoor, F., Wood, B. & Zonneveld, F. 1994, Implications of Early Hominid Labyrinthine Morphology for Evolution of Human Bipedal Locomotion, *Nature*, Vol. 369, 23 June, ble. 645-648). Oor die *Australopithecines* bepleit Gould die “the removal of the different members of this relatively small-brained, curiously unique genus *Australopithecus* into one or more parallel side lines away from a direct link with man” (Gould, S.J., 1992, *Reflections in Natural History. Ever Since Darwin*. New York: WW Norton & Company, bl. 60).

Tien jaar later plaas Gould die kersie op die koek:

Needless to say, no true consensus exists in this most contentious of all scientific professions – an almost inevitable situation, given the high stakes of scientific importance and several well known propensities of human nature, in a field that features more minds at work than bones to study (Gould, S.J. 2002. *The Structure of Evolutionary Theory*. Cambridge, Massachusetts: The Belknap Press of Harvard University Press, bl. 910).

In ’n resente uitgawe van *National Geographic* (2011, August 22(2):120-133) het Josh Fishman ’n artikel geskryf: *Part Ape, Part Human, A new ancestor emerges from the richest collection of fossil skeletons ever found*. Die resente ontdekking van *Australopithecus sediba* (in Suid-Afrika) beklee ’n sentrale plek in hierdie artikel. Fishman merk egter op dat die oorsprong van die genus *Homo* “murky” is, aangesien slegs “a few

scattered and fragmentary fossils older than two million years have been argued to belong to the genus” (Fishman, 2011:131). Hy vermeld dan twee tot drie moontlike *Homo* spesies, soos *Homo habilis* and *Homo erectus* (laasgenoemde was tydgenote van die *Homo habilis*), opgevolg met die vraag waar al hierdie wesens vandaan kom? Hy skryf:

Attempts to look deeper into the past only increase the frustration, says William Kimbel, a paleoanthropologist at Arizona State University and Director of the Institute of Human Origins. “There are only a handful of specimens. You could put them all into a small shoe box and still have room for a good pair of shoes,” he says.

Die grootste probleem met *sediba* is tydsberekening:

If two-million-year-old *sediba* is indeed the true ancestor of *Homo*, how could it give rise to those even older fossils assigned to *Homo* in Bill Kimbel’s shoe box? A fossil cannot be ancestral to something older than itself any more than a daughter can give birth to her own mother. One possibility is that the Malapa specimens represent a late stage of an enduring species that gave rise to *Homo* at an earlier date. But Berger’s team questions whether that shoe box really contains any *Homo* fossils in the first place – after all, they’re just fragments (Fishman, 2011:133).

Onenigheid tussen fisici en bioë

Gedurende die afgelope dekade het daar twee betekenisvolle reaksies na vore getree. In die *New Scientist* van 22 Mei, 2004 het 405 natuurwetenskaplikes uit die gebied van die fisika en verwante dissiplines ’n “Oop Brief aan die Wetenskap Gemeenskap” gerig oor die toeneemende getal hipotetiese entiteite wat deur die “Oerknal”-teoretici aanvaar word (<http://www.cosmologystatement.org/>). So onlangs as 2010 het 450 natuurwetenskaplikes uit die veld van die Biologie en verwante wetenskappe onder die vlag “A Scientific

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

Dissent From Darwinism” verklaar dat hulle skepties is oor die aanspraak dat toevallige mutasies en natuurlike seleksie die kompleksiteit van lewende dinge kan verklaar (<http://www.dissentfromdarwin.org/>).

Vernietigende kritiek van Gould op die neo-Darwinisme

Gould wys op die geesteswetenskaplike agtergrond van Darwin se teorie wanneer hy (aansluitend by die fisikus en wetenskapshistorikus, Silvan S. Scheber se ontleding), die aanspraak maak: “the theory of natural selection is, in essence, Adam Smith’s economics transferred to nature” (Gould, 2002:122). Saam met Eldredge haal hulle in 1977 uit ’n brief van Marx aan Engels die volgende aan (waaruit spore van Hobbes, Malthus and Hegel blyk): “It is remarkable how Darwin recognizes among beasts and plants his English society with its division of labor, competition, opening up of new markets, ‘invention’, and the Malthusian ‘struggle for existence’. It is Hobbes’ bellum omnium contra omnes, [oorlog van almal teen almal] and one is reminded of Hegel’s Phenomenology, where civil society is described as a ‘spiritual animal kingdom’, while in Darwin the animal kingdom figures as civil society” (bl. 145):

As natural selection acts solely by accumulating slight, successive, favourable variations, it can produce no great or sudden modifications; it can act only by short and slow steps. Hence, the canon of “Natura non facit saltum” [die natuur maak geen spronge] which every addition to our knowledge tends to confirm, is intelligible [simply – inserted in Darwin, 1859:444-445] on this theory (Darwin, 1859:307).

Die dominante stasis patroon van die fossiel-rekord is regstreeks in stryd met Darwin se verwagting van klein akkumulerend-opeenvolgende gunstige veranderinge. Gould vra tereg hoe stasis vir miljoene jare kan domineer, ten spyte van betekenisvolle klimaatsverskuiwinge soos ystyd-siklusse (Gould, 2002:878).

Hierdie stand van sake verklaar waarom paleontoloë evolusie vermy – dit lyk asof evolusie nooit plaasgevind het

(sien Eldredge, 1995, *Reinventing Darwin: The Great Debate at The High Table of Evolutionary Theory*, New York: John Wiley, bl. 95). Die probleem word vererger deur wat Sterelny as ’n “nasty fact” bestempel – die ‘Cambrian explosion’ (sowat 530 miljoen jaar gelede): “We find segmented worms, velvet worms, starfish and their allies, mollusks (snails, squid and their relatives), sponges, bivalves and other shelled animals appearing all at once, with their basic organization, organ systems, and sensory mechanisms already operational. We do not find crude prototypes of, say, starfish or trilobites. Moreover, no common ancestors exist for these groups. (Sterelny, K., 2001, *Dawkins vs. Gould, Survival of the Fittest*, London: Icon Books, ble. 89-90; en die nuwe uitgawe: Sterelny, K. 2007, *Dawkins vs. Gould, Survival of the Fittest*, London: Icon Books, bl. 116). Volgens Gould het Darwin “the historical axis” benut as ’n “pole of explanation”, met as die “only alternative” die “[I]mmediate appearance in a fully formed state” (Gould, 2002:260 a.w.).

Dat hierdie feite inderdaad “nasty” is, is evident wanneer ons by Darwin lees: “If numerous species, belonging to the same genera or families, have really started into life at once, the fact would be fatal to the theory of evolution through natural selection. For the development by this means of a group of forms, all of which are descended from some one progenitor, must have been an extremely slow process; and the progenitors must have lived long before their modified descendants” (Darwin, 1859, *The Origin of Species*, bl. 309).

Een van die *Groot Meesters* van die neo-Darwinisme, Ernst Mayr, skryf pertinent:

Paleontologists had long been aware of a seeming contradiction between Darwin’s postulate of gradualism – and the actual findings of paleontology. Following phyletic lines through time seemed to reveal only minimal gradual changes but no clear evidence for any change of a species into a different genus or for the gradual origin of an evolutionary novelty. Anything truly novel always seemed to appear quite abruptly in

the fossil record (Mayr, E. 1991, *One Long Argument: Charles Darwin and the Genesis of Modern Evolutionary Thought*. Cambridge: Harvard University Press, bl.138).

Darwin is besonder eerlik oor hierdie gebrek aan die feitlike ondersteuning van sy teorie deur fossiele:

Geological research, ... yet has done scarcely anything in breaking down the distinction between species, by connecting them together by numerous, fine, intermediate varieties; and this not having been affected, is probably the greatest and most obvious of all the many objections which may be urged against my views (Darwin, *The Origin of Species*, 1859, bl. 307).

Die uitvlug wat Darwin en die neo-Darwinisme gesoek het, was om die fossiel-rekord as *gebrekkig (imperfect)* te bestempel. Gould ontleed die onhoudbaarheid van hierdie uitvlugpoging egter meedoënloos.

Die innerlike impasse van die neo-Darwinistiese teorie

Die verleentheid van die neo-Darwinisme is inderdaad tragies. Let op Gould se blootlegging daarvan. Hy skryf: “sample a species at a large number of horizons well spread over several million years, and if these samples record no net change, with beginning and end points substantially the same, ... then a conclusion of stasis rests on the presence of data, not on absence!” (Gould, 2002:759 a.w.). Tereg vra hy: “So if stasis could not be explained away as missing information, how could gradualism face this most prominent signal from the fossil record?”

Die antwoord openbaar die beskamende perspektief: “But this project could not even succeed in its own terms, for gradualism occurs too rarely to generate enough cases for calculating a distribution of rates.” En verder: “Instead, paleontologists worked by the false method of exemplification: validation by a ‘textbook case’ or two, provided that the chosen instances be sufficiently per-

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

suasive. And even here, at this utterly minimal level of documentation, the method failed." Nog meer: "A few examples did enter the literature, ... where they replicated by endless republication in the time-honored fashion of textbook copying." Daar is, byvoorbeeld, "stasis rather than gradual increase in coiling in the Liassic oyster *Grypaea*", en insgelyks is daar "stasis within all documented species of horses".

Vervolg van bl. 5

ontbreek, skrikwekkende uitbarsting te bewerk. Maar 'n omwenteling is nog nie die Revolusie nie. Om hierdie stelselmatige omkering van maatskaplike ordening en gemeenskapslewe, om hierdie Revolusie te laat ontstaan, was méér as die grootste en talrykste misbruike nodig. 'n Omwenteling, waarvan die geskiedenis op elke bladsy die spore van teoretiese ontwikkeling vertoon, moet 'n teoretiese oorsprong hê.

Sy ondersoek na die teoretiese oorsprong het Van Prinsterer gelei na die denkbeelde wat in die agtiende eeu in Europa die oorhand gekry het. Daar is tereg na verbetering gesoek, en dit is met ywer en veerkrag gedoen. Maar, "energie (wat) sleg bestuur (word), word des te meer heilloos namate dit kragtiger is; die grootsheid van die bergstroom verminder nie die yslikheid van die werking waarmee die vernielende stortvloed die land oordek nie ... Oorvloed van vuurwerk en fakkellig was daar, maar aan sonlig (is daar) gebrek. Geen menslike wysheid maak die akker vrugbaar sonder die lig van die son nie. Die arbeid van verstand en genie in die voortbrenging van denkbeelde en in die vorming van stelsels is ydel, wanneer 'n mens jou aan die strale van die wysheid wat van bo is onttrek, en die verskil van vryheid en onafhanklikheid op die gebied van die wysbegeerte misken".

Die mense het hulself geëmansipeer (vrygemaak) van die geloof aan die geopenbaarde Waarheid en hul steunpunt in die mens gesoek. "Die beginsel van hierdie wysbegeerte was die soewe-

En dan vel Gould die finale oordeel: "But, in final irony, almost all these famous exemplars turned out to be false on rigorous restudy" (Gould, 2002:761-62 a.w.)!

Terloops kan ten slotte opgemerk word dat in die genoom-navorsing eweseer verskillende oortuigings aanwesig is. Die bioloog, Geoff Barnard, bevraagteken die neo-Darwinistiese oortuiging dat retrovirale gegewens op 'n gemeenskaplike afstamming dui. Dit kan alternatiewelik "on the basis of independent

reiniteit van die Rede met die uitkoms godversaking en materialisme. Die oppermag van die Rede, as aksioma, is vooropgestel. Waar die Rede as onbedorwe beskou is, kon die openbarings niks daarbo bereik nie, altans niks teen die uitspraak van die Rede bevat nie. So het die Rede toetssteen van die waarheid geword." En van die een dwaling het die mensdom maklik in die ander geval. "Die openbaring moet, waar die rede hom hierbo verhef, weldra 'n saamskraapsel van legendes en fabels wees. Maar ook die natuur word, waar 'n mens vir die openbaring blind is, uit natuurkragte verklaar; die godheid is louter abstraksie, 'n denkbeeld(ige) godheid. As 'n mens (dan) moet begryp om te kan glo, wat (Wie) is meer ongelooflik, meer onbegryplik as God!"

Ook in vroeër tye het hierdie ongeloof hom laat geld. Maar sedert die agtiende eeu het dit in die Europese samelewing die oorhand gekry. Wat uitsondering was, het reël geword. Sels onder die heidene is oor die algemeen nog vasgehou aan die denkbeeld van 'n goddelike openbaring. Aan die wysheid van die Eeu van die Verligting was die ontdekking voorgehou: "dat die mens sy eie wetgewer, en elke openbaring bedrog; dat God Almagtig, die Skepper van hemel en aarde, 'n onding, altans 'n oortolligheid is".

Ook waar hierdie ongeloof hom in die fyner vorm van deïsme gehul het, wat selfs nog op die naam van Christelik aanspraak kon maak, het dit wesenlik berus op die ontkenning van die grondwaarhede van die Christelike geloof. Daar is gesprek "van die Opperwese,

species infection" verstaan word (sien Barnard G., 2009, Does the genome provide evidence for common ancestry? In: Norman C. Nevin, (Ed.), *Should Christians Embrace Evolution?* Nottingham, UK: InterVarsity Press, ble. 166-186, hier op bl. 186).

Die publieke media verkeer vandag in die greep van 'n ongegronde geloof in 'n proses wat onvoldoende gronde daarvoor bied. Die neo-Darwinistiese evolusie is 'n pragtige storie wat ongelukkig deur die feite bederf is.



omdat die mense nie graag gesprek het van die Lewende God wat Homself in sy Woord openbaar het nie; van Christendom en Christelike beginsels, omdat die wesenlike van die evangelie – al is hierdie en soortgelyke pragtige bewoordinge behou – tot niet gaan sodra die Persoon van die Saligmaker in die skadu raak".

In alle lewensverhoudinge het hierdie ongeloof deurgedring en alom het dit hom van die gemoedere meester gemaak. Daardeur het dit oorsaak geword van "wêreldkrisis, tewens krisis in die Christelike kerk, tydperk van verval en afval, van stryd teen die Evangelie op die gebied van wetenskap en praktyk".

"Maar", vra u, "hoe is dit moontlik dat 'n leer waaruit hierdie willekeur ontspruit, as teorie van die vryheid uitgebasuin is?" Watter waarborge is daar dat hierdie konsentrasie, hierdie oppermag, wat hom verhef bo al wat God genoem word, nie tot verdrukking misbruik sal word nie? Watter waarborge? Elke verdediger van die revolusieleer sal dit vir u sê: die hele sisteem is 'n sameflansing van waarborge. Let slegs op die populêre oorsprong van alle magte. Dit is die algeheelheid van die burgers van wie die staatswil uitgaan, wat op die staatsgesag reg het, wat homself beheer, wie se vryheid en selfbeskikking die lewensbeginsel van die staat is, wie se goedvinde die hoogste wet is. Elkeen aan wie enige mag toevertrou is en wat hom daarvan sou wil bedien tot inkorting van die volksoewereiniteit, word deur die vryheid van verkiesinge, van drukpers, van publieke mening in toom gehou of,

Vervolg op bl. 19

Kan teïstiese evolusionisme met die Christelike geloof versoen word?

H. Hefer

Referaat gelewer tydens die VCHO-seminaar gehou te Pretoria op 21 Julie 2012

Inleiding

Kan evolusionisme met die Christelike geloof versoen word? Die antwoord behoort vir elke Christen voor die hand liggend te wees. Dit is onmoontlik! Die evolusionistiese lewens- en wêreld-beskouing laat geen ruimte vir God, Sy Woord of Sy heerskappy in die skepping en in die lewe van die mens nie. Evolusionisme ontken die bestaan van 'n Almagtige, Alwyse en Persoonlike Skepper wat alles wat bestaan geskape het, wat alles deur Sy goddelike krag onderhou en wat oor Sy hele skepping heers. 'n Keuse vir evolusionisme is dus 'n keuse teen God, teen Sy Woord, teen Sy eer!

'n Keuse vir die Christelike geloof is ook 'n keuse teen die sogenaamde teïstiese evolusie. Teïstiese evolusioniste maak daarop aanspraak dat hulle 'n brug tussen die Christelike geloof en die natuurwetenskappe bou en dat hulle dié twee met mekaar kan versoen. Wanneer hul standpunte egter beoordeel word, is dit duidelik dat dit nie die toets van die Woord van God kan deurstaan nie. Niemand wat die Bybel behoorlik verstaan en van harte glo, kan 'n teïstiese evolusionis wees nie.

Om hierdie stelling te begryp is dit nodig om te vra wat die keuse vir die Christelike geloof behels.

'n Keuse vir die Woord van God

Dit is 'n keuse vir die Woord! Die Christelike geloof is gebou op die Heilige Skrif as die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God. In die taal van Augustinus: 'Wat die Woord sê, sê God. Die Woord is die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid

nie. Reeds omdat die Bybel die Woord van God is, bely ons dat dit volkome betroubaar en gesagvol is.

Wanneer ons bely dat die Skrif betroubaar is, spreek ons die oortuiging uit dat alles wat daarin opgeteken is, *die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie*. In die woorde van Jesus Christus: "U woord is die waarheid."² Die Skrif se verkondiging met betrekking tot God en Sy raadsplan, die Persoon en die werk van Christus, die verlossingsboodskap, die wese, lewe en roeping van die kerk, die wil van God ... is waar en betroubaar.

Die betroubaarheid van die Bybel is egter nie beperk tot die geloofswaarheid wat daarin verkondig word nie! Al is dit so dat die Bybel nie 'n geskiedkundige- of natuurwetenskaplike handboek is nie, is die uitsprake van die Skrif oor die natuur en oor die geskiedenis betroubaar. Die Outeur van die Skrif is die Skepper van hemel en aarde. Hy het ook die "boek van die natuur"³ geskryf. Wanneer dit vir ons lyk of die twee boeke mekaar weerspreek, moet ons weet dat ons een of albei verkeerd verstaan. Óf ons verstaan van die Heilige Skrif óf ons wetenskaplike teorie – of albei – laat ons in die steek!

Diegene wat die Christelike geloof en evolusie met mekaar probeer versoen, gebruik dikwels die argument dat groot dele van die Bybel kulturbepaald en daarom tydgebonde is. Hulle beweer dat die Bybelskrywers maar net "mense van hul tyd" was. Hulle was so deur hul kultuur en tydsgees beïnvloed, dat hul boodskap daardeur bepaal is. Verder word gesê dat hulle deur hul gebrek aan kennis van die natuur- en menswetenskappe gekniehalter is. Daarom is hul



geskifte "tydgebonde" en is groot dele van die Bybel nie meer vir die mens van die 21^{ste} eeu gesagvol nie.⁴

Teenoor hierdie ongelooftstandpunt bely ons dat die boodskap van die Bybelskrywers nie deur hul kultuur bepaal is nie, maar deur die Heilige Gees wat Sy Woord aan hulle geopenbaar het. Dit is Hy wat so in en deur die apostels en profete gewerk het dat hulle die Woord van God korrek en betroubaar op skrif gestel het. Die betroubaarheid van die Skrif word dus deur God self gewaarborg.

'n Keuse vir 'n Bybelse hermeneutiek

'n Keuse vir die Christelike geloof is ook 'n keuse vir 'n Bybelse hermeneutiek.⁵ Dit beteken dat ons glo dat die *Skrif sy eie verklaarder* is. Die Bybel sê self hoe hy verklaar moet word. Die onfeilbare reël vir die verklaring van 'n Skrifgedeelte, is die

1 Gen. 1 en 2; Job. 38-41; Ps. 33:4-9; Jes. 40:12-31; 44:24; 45:18; Hand. 17:21-29; Joh. 1:1-3; 1 Kor. 8:5-6; Kol. 1:15-18; Heb. 1:1-3, 10-12; 11:3.

2 Joh. 17:17.

3 Vergelyk die Nederlandse Geloofsbelijdenis Artikel 2.

4 Byvoorbeeld die uitsprake van die apostel Paulus oor die roeping van die vrou in die gemeente [Vergelyk die kommentaar van die Bybel in Praktijk op 1 Tim 2:11-12 en 1 Kor 11:3-15]. Bybelse uitsprake oor homoseksualisme en talle ander sake word op dieselfde wyse verwing.

5 Die woord "hermeneutiek" verwys na die wyse waarop ons die Bybel verklaar.

Vervolg op bl. 15

verklaring wat die res van die Skrif daaraan gee. Wanneer daar onsekerheid bestaan oor die ware of volle betekenis van 'n Skrifgedeelte, moet dit in die lig van ander Skrifgedeeltes – wat duideliker oor dieselfde saak spreek – uitgelê word.⁶

Daar is diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle die gesag van die Bybel aanvaar, maar dat hulle dit net anders verstaan as wat die kerk van Christus dit deur al die eeue verstaan het. Wanneer hul metodiek van Skrifverklaring egter onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie.

Een van die duidelikste tekens dat teïstiese evolusioniste nie erns met die gesag van die Bybel maak nie, is die feit dat hulle nie die voor die handliggende betekenis van die skrifgedeeltes wat ter sprake is, aanvaar nie. Hulle maak ook nie erns met die feit dat elke skrifgedeelte in die lig van die res van die Skrif (sy nouere en breëre verband) uitgelê moet word nie. Hul verstaan van die Skrif word nie net deur hul wetenskaplike kennis, voorveronderstellings en teorieë beïnvloed nie – dit word daardeur bepaal!

Wanneer ons wetenskap ons uitleg van die Skrif bepaal, gebeur dit baie maklik dat ons die voor-die-hand-iggende betekenis van die teks ignoreer. Om 'n voorbeeld te noem: 'n pastorale sielkundige het by geleentheid beweer dat die liefdesgebod waarmee Christus die wet saamgevat het, drie elemente bevat – liefde vir God, liefde vir jou medemens en liefde vir jouself. Sy sielkunde het sy verstaan van Matteus 22 so beïnvloed dat hy van die twee gebooue van Christus, drie gemaak het.

Die voorstanders van teïstiese evolusie trap in dieselfde slag! Hul

natuurwetenskaplike teorieë is deurslaggewend vir hul verstaan van die Skrif. So byvoorbeeld, is dit vir hulle van kardinale belang dat die “skeppingsdae” waarna Genesis 1 verwys, uit miljoene jare moes bestaan het. Dit is die enigste manier waarop hulle hul teorie met die Bybel kan versoen. Hulle is gou om daarop te wys dat die Hebreeuse woord “jom”, wat in Genesis 1 met “dag” vertaal word, ook na tydperke kan verwys.

Die Skrif gee ons egter nie 'n enkele aanduiding dat die skeppingsdae as tydperke verstaan moet word nie. 'n Noukeurige lees van die nouere verband (Genesis 1 en 2) en in besonder die instelling van die Sabbat, dwing ons om te aanvaar dat die skrywer 'n gewone dag – soos ons dit vandag ken – in gedagte gehad het. Dit word bevestig deur die gebruik van die woord “dag” in die vierde gebod. “Dag” in Eksodus 20:8-11 kan tog nie anders as 'n gewone dag verstaan word nie.

Dit is daarom nie vreemd dat die *Westminster Confession* bely dat die Here alles wat bestaan in 'n tydperk van ses dae geskape het nie.

Ons haal aan:

“Dit het God die Vader, die Seun en die Heilige Gees behaag om:

- In die begin
- In ('n tydperk van) ses dae
- Die wêreld met alles wat daarin is, hetsy sigbaar of onsigbaar
- Uit niks, en
- Baie goed te skape.

Dit het Hy gedoen om die heerlikheid van Sy ewige krag, wysheid en goedertierenheid te openbaar.⁸

Die ander verklarings wat vir die “skeppingsdae” in Genesis 1 voorgestel word, kan nie die toets van dit wat die res van die Skrif daarvoor sê, deurstaan nie.

'n Keuse vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is

Ons maak ook 'n keuse vir dié geloof, wat in die woorde van Judas, **eenmaal (m.a.w. eens en altyd) aan die heiliges oorgelewer is**.⁹ Ons glo nie net dit wat

die Skrif ons oor die skepping leer nie. Ons glo alles wat God in Sy Woord aan ons bekend gemaak het. Die kortste samevatting van die Christelike geloof vind ons in die Apostoliese Geloofsbelydenis. In hul belydenisskrifte het die kerke van die Reformasie uitgespel wat hulle onder elke artikel verstaan. Die Reformatoriese belydenisskrifte verwoord dus wat ons op grond van die Heilige Skrif glo.

Dit is van die allergrootste belang dat ons besef dat teïstiese evolusionisme nie net die Bybelse skeppingsleer in gedrang bring nie. Die hele openbaring wat God in Sy Woord aan ons gegee het – die hele Christelike Geloof – word bevaagteken, verdraai of verwerp. Teïstiese evolusioniste verwerp die Bybelse:

- *mensbeskouing* – onder andere dat die mens volmaak en na die beeld van God geskape is.¹⁰ Hulle ondermyn ook die heiligheid van die huwelik (en huisgesin) as skeppingsordening.¹¹
- *leer aangaande die sondeval* – hul het geen ruimte vir die oortuiging dat die volmaak geskape mens, onder aanhitsing van die Satan, willens en wetens teen God gerebelleer het en so die ganse mensdom in ellende gedompel het nie.¹² Hulle aanvaar ook nie dat die dood die loon van die sonde is en dat dit deur een mens, Adam, die wêreld ingekom het nie. Hulle verwerp ook die feit dat die mens se sonde die oorsaak is dat die hele skepping aan die verganklikheid onderwerp is.¹³

Die Bybelse leer aangaande die skepping en sondeval vorm die fondament van die verlossingsleer. Die feit dat hulle dit verwerp lei onvermydelik daartoe dat hulle nie die Bybelse Christologie (leer aangaande Christus), Soteriologie (ver-

6 “The infallible rule of interpretation of Scripture, is the Scripture itself; and therefore, when there is a question about the true and full sense of any scripture (which is not manifold, but one), it may be searched and known by other places that speak more clearly.” [*The Westminster Confession of Faith*, 1:9].

7 Matt. 22:34-40.

8 Die *Westminster Confession*, 4:1 [*Eie vertaling*].

9 Judas vers 3.

10 Gen. 1:26-31.

11 Gen. 1:27-28; 2:20-25; Matt. 19:1-12.

12 Gen. 3:1-24.

13 Gen. 2:15-17; 3:16-20; Rom. 5:12 - 21; 6:23; 8:18-23; 1 Kor. 15:20-26.

Vervolg van bl. 15

lossingsleer), Pneumatologie (leer aangaande die Heilige Gees) en Eskatologie (leer aangaande die Einde) kan verstaan of aanvaar nie.

'n Geloofskeuse

'n Keuse vir die Christelike geloof is 'n **geloofskeuse!** Daar staan geskrywe: "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag!"¹⁴ Sonder geloof kan ons nie Sy wil ken, Sy wil doen, Sy Naam verheerlik nie. En wat is die wese van die geloof wat noodsaaklik is om God te verheerlik? 'n Geloof wat Hom behaag is 'n geloof wat Hom op Sy Woord neem. Daarom bely ons dat geloof beteken om *alles wat Hy in Sy Woord openbaar het, vir waar te aanvaar.*¹⁵

'n Godverheerlikende geloof beteken om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.¹⁶ Anders gestel, ons glo alles wat die Heilige Gees in die Bybel laat opteken het – ook dit wat ons nie met ons sintuie kan waarneem, wetenskaplik kan bewys of met ons verstand kan deurgrond nie! Buitendien is die waarheid van 'n groot deel van die evangelie onbewysbaar. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om te bewys dat:

- God "alles" wat bestaan "uit niks" en "in ses dae" geskape het;
- Die mens volmaak en sonder sonde geskape is en dat hy homself en die hele skepping deur sy rebellie in ellende gedompel het;
- Christus uit 'n maagd ontvang en gebore is, dat Hy terselfdertyd waarlik God en mens was (en is!), dat Hy 'n lewe van volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader gelei het, dat Hy plaasvervangend in ons plek gesterf het, dat Hy liggaamlik uit die dood opgewek is en liggaamlik in die hemel opgeneem is en dat Hy op die tyd wat deur die Vader bestem is, weer liggaamlik sigbaar na die aarde sal kom om as Regter die oordeel te voltrek.

14 Heb. 11:6.

15 Die *Heidelbergse Kategismus*, vraag en antwoord 21.

16 Heb. 11:1.

Deur die geloof wéét ons egter dat dit alles waar is al kan ons dit nie met ons verstand deurvors of wetenskaplik bewys nie. Ja, deur die geloof weet ons dat God alles uit niks deur Sy Woord geskape het.¹⁷ Ons weet dat dit wat Hy in Genesis 1-3 oor die oorsprong van die skepping, die aarde, die mens en die sonde geopenbaar het, die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie.

'n Keuse wat verantwoordelikheid meebring

Die keuse vir die Christelike geloof bring 'n **geweldige verantwoordelikheid** mee. Geloof mag nie net lippetaal wees nie – geloof sonder werke is dood – ons moet die vrugte dra wat by die bekering pas.¹⁸ Ons lewe moet ons belydenis bevestig. Wanneer ons dus bely dat ons die gesag van die Woord van God aanvaar, moet ons onself onvoorwaardelik aan daardie gesag onderwerp. Ons moet ons geloofsoortuiging deur die Skrif laat vorm, suiwer en versterk. Ons moet ons lewe deur die Woord laat vorm. Ons denke, woorde en dade moet elke dag al hoe meer deur die Bybel geheilig word. Dit moet duidelik wees dat dit ons erns is om in stiptelike gehoorsaamheid aan God en Sy Woord te glo en te lewe.

Ons het verder die verantwoordelikheid om die Skriftuurlike lewens- en wêreld-beskouing tydig en ontydig te verkondig en te verdedig. Dit moet vir ons 'n saak van erns wees om ons te beywer vir die erkenning van die gesag van die Woord op elke terrein van die samelewing – ook in ons wetenskapsbeoefening. Ons moet ook, ter wille van die eer van God, bereid wees om dit wat in stryd met die Heilige Skrif is, te ontmasker en af te wys.

Toegepas op die tema van vandag: Indien ons in die lig van die Skrif oortuig is dat teïstiese evolusionisme nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, moet ons dit onomwonde en duidelik stel dat en waarom ons dit verwerp. Ons moet dit met al die middele tot ons beskikking bestry – ook in die onderwys

17 Heb. 11:3.

18 Gal. 5:6; Jak. 2:14-26; Matt. 3:8; Hand. 26:19-20

en die teologie. Ons moet alles in ons vermoë doen om ons kinders so te onderrig dat hulle die aanslae van die leuen kan weerstaan en aan die Here en Sy Woord getrou kan bly.

'n Keuse vir die eer van God

Die keuse vir die Christelike geloof is ten diepste 'n **keuse vir die eer van God**. Elke gelowige leef immers met die begeerte om God te verheerlik. In die taal van die apostel Paulus: ons wil graag "of ons eet of drink, of wat ons ook al doen"¹⁹ ons Vader in die hemel verheerlik.

Wanneer ons dié keuse maak stel ons menslike geleerdheid – ook menslike wetenskap – ondergeskik aan God se geopenbaarde Woord. Ons bely dat die Alwetende en Alwyse God se woorde volkome volmaak en betroubaar is. Ons erken dat menslike geleerdheid – ook menslike wetenskap – gebrekkig en onvolmaak is. En ons verklaar dat dit 'n belediging vir die Almagtige is wanneer nietige mense aan hul eie geleerdheid dieselfde – of groter – gesag as aan Sy Woord toeken. God sal immers die wysheid van die wyses vernietig en die geleerdheid van die geleerdes tot niet maak.²⁰

Ja, wanneer ons die Skrifte lees, wanneer ons Hom leer ken as die Almagtige, Vrymagtige, Alwetende, Alwyse Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan, wanneer ons Hom leer ken as die Heilige, die Regverdige Regter aan wie ons reken-skap verskuldig is, wanneer ons Hom leer ken as ons genadige en liefdevolle Vader en iets begin verstaan van Sy heilsplan vir hierdie wêreld – dan buig ons in aanbidding en weerklink die woorde van die apostel Paulus in ons harte en op ons lippe:

O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets

19 1 Kor. 10:31

20 Jes. 29:13-14; 1 Kor. 1:18-25

Die Bybel, Ou Vertaling. 1996, c1954 (electronic version of the 2nd edition.) (Rom 11:33-36). Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Vervolg op bl. 18

Onderwys

Roeping vereis uitbouing en reformasie

In verskeie kringe word deesdae baie aandag aan die opbou en die uitbou van Christelike (gereformeerde) onderwys gegee. Dit is iets om dankbaar voor te wees. Maar dit is nie waar dit mag ophou nie. Vanuit die gelowige se roeping moet ook gewerk word aan die reformasie van die hele onderwys. Hierdie artikel probeer iets daarvan aantoon.

Lesers van *Roeping en Riglyne* weet wat tans alles op die gebied van Christelike onderwys in die land gedoen word. Dink maar aan 'n dosyn Arso-skole, 'n vyftigtal VCHO-skole, talle ander Christelike onafhanklike skole, Aros met sy gereformeerde onderwysersopleiding, die publikasie van meer as 'n 120 Christelike skoolboeke, asook verskeie boeke en kursusse oor hierdie onderwerp. 'n Mens kan ook die talle skole van organisasies soos Accelerated Christian Education en van die Association Christian Schools International en verskeie ander byvoeg.

Lesers sal ook weet van talle openbare skole wat steeds probeer om Christelik te wees wat betref aspekte soos die dagopening, Bybelkunde as vak en die Christelike etiek wat gehandhaaf word.

Dit alles kan die opbou en ook die uitbou van Christelike onderwys genoem word. Dit is alles reg en noodsaaklik. Maar dit is nie waar die gelowige moet bly staan nie. Die Here se opdrag aan sy kinders is dat die hele spektrum van die onderwys – alle instellings op alle vakgebiede – aan Hom gehoorsaam en gediensig moet wees. Want die hele wereld behoort aan Hom. En die gereformeerde reikwydte moet die hele skepping omvat. Alle skeppingswerke kom van Hom.

Daarom moes alles en almal Hom gehoorsaam, dien en eer. Dit is die taak van elke onderwyser om dit aan kinders te leer, ook van die ongelowige wat dit nie weet, besef of erken nie.

Waarom so 'n drastiese en deurtastende siening? Moet die gelowige nie meer beskeie wees en rustig in sy hoekie

bly sit en dankbaar wees dat hy sy geloof mag bely en die Here mag aanbid, sonder om lastig geval te word nie?

Kom kyk na enkele grondgedagtes wat bogenoemde stelling motiveer.

Christus die Leermeester

Die gelowige bely dat Christus ons almal se Leermeester is. Die driedelige Woord van God naamlik die skeppingswoord (Hy het gespreek ...), die vleesgeworde Woord (Christus die Saligmaker) en die geskrewe Woord (die Bybel) is die fondament van alles wat geleer moet en mag word. Dit is ook die fondament van ware insig en daarom ook van alle onderrig.

Andersoortige onderwys kan nie waar wees nie, kan ook nie korrekte perspektiewe gee nie, vertel nie die waarheid nie en – baie belangrik – lei nie kinders op in die vrees en kennis van God se naam nie. Ongelowige onderwys lei kinders daardeur in die rigting van die ewige verdoemenis.

Dit is waarom dit so belangrik is dat gelowiges nie in 'n hoekie moet bly sit nie, maar met alle mag en krag aan die wêreld moet vertel wat die regte weg en die regte onderwys is. Nog belangriker: Dit moet gedoen word omdat God die opdrag daarvoor gegee het (“... gaan heen en vertel alle nasies ...”) en – dalk nog belangriker – om Hom te behaag, volgens sy wil en weg.

Ook moet onthou word dat Christelike onderwys nie slegs daarvoor gaan om kinders van die Bybel te vertel en hoe om reg en nie verkeerd te lewe nie. Ja, dit sekerlik ook. Maar dit gaan daarvoor om kinders te leer dat God alles geskep het, hoe en waarom Hy dit geskep het, hoe dit alles in mekaar steek (vir sover ons dit verstaan) en hoe Hy wil hê dat ons dit moet gebruik en nie misbruik nie.

Daarom staan elke vakgebied in God se lig en kan slegs in sy lig reg verstaan word. En daarom is dit onmoontlik dat wetenskap en geloof met mekaar in stryd kan wees, want alles kom voort uit God

se driedelige woord. En ook daarom moet onwaarhede oor God se skeppingswerke uitgewys en aan kinders geleer word.

Verbondsaamwerk

'n Belangrike grondgedagte van Christelike onderwys is dat dit slegs vanuit die verbond wat God met sy volk gesluit het, in die regte perspektief verstaan kan word. Soos Ps. 25:14 dit stel: “Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees en sy verbond om hulle dit bekend te maak.”

Deur sy verbond gee God aan sy gelowiges sy Gees met al sy beloftes en versorging: sy genade, verlossing, barmhartigheid, trou, goedheid, regverdigheid; ook al sy gebooe. Deur die verbond gee die Verbondsgod aan sy kinders die regte perspektief om die regte, die ware perspektief te kan kry. In U lig sien ons die lig. En om later die ewige lewe te kry.

Hierdie gawes wat die Here aan sy verbondskinders gee, lei tot die roepingsopgawe. Aan elkeen individueel, maar as onlosmaaklike deel van die liggaam van Christus, die kerk. Elkeen is 'n gawe aan die ander. Daar moet gewillige en vrywillige meedeling van gawes wees. Daarom is daar skole en daarom moet deur ouers, kinders en onderwysers meedeling van gawes wees in die opvoeding van God se verbondskinders, gewillig, vrywillig, dankbaar, en met liefde en blydskap.

Hierdie verbond is een verbond: een verbond wat God met al sy kinders gesluit het. Dit is ekumenies, wêreldwyd. En mag nie deur mense geskei word nie. Ook dit het implikasies vir Christelike onderwys en vir die houding van onderwysers en ouers.

Buite die verbond is daar geen perspektief, insig, liefde en saligheid nie. Buite die verbond is daar wel selfsug, eiebelang, groepdenke, eiesinnige ge-

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

lowe en allerlei -ismes. Daarvoor mag daar nie plek in Christelike onderwys wees nie. Niks mag geleer word wat daartoe aanleiding kan gee nie.

Federatiewe eenheid

Die enkele verbond impliseer ook eenheid in die Christelike onderwys. Maar hierdie onderwys is omvattend en sluit 'n verskeidenheid instellings in. Daar kan van 'n breë beweging gepraat word, ook in Suid-Afrika. Daar is kleuter-, laer- en hoërskole, tegniese onderwys en selfs enkele tersiêre instellings. Elkeen het sy eie organisasie, bestuur, belange- en teikengroep.

Almal as ware gelowiges is deel van God se verbond en almal behoort deel van een beweging met federatiewe verbintenisse en onderlinge samewerking te wees. En dit alles nie net om Christelike onderwys te bou en te bewaar nie, maar ook om 'n krag te wees om die volle omvang van alle onderwys – ook die sekulêre – te reformeer.

Vandag is dit (nog) nie die geval nie. Daar is sterker en minder sterker rolspelers. Daar is verskillende agendas en motiewe. Maar almal sal moet leer dat die sterkeres die minder sterkeres moet help en gawes moet deel. En almal moet as deel van die breë beweging God se roeping om die hele lewe en samelewing te reformeer, nastreef.

Daarom is die Christelike onderwys-beweging, ongeag hoe klein en swak dit tans is – 'n beweging met hoop en toekoms. Want Christus het vir die gelowiges opgestaan; om hulle te red. Uit daardie oorwinningsgedagte kan en moet vir die toekoms en vir die nageslag gewerk en beplan word.

Wat beteken dit in die praktyk?

- Dat elke Christelike skool steeds aktief en dinamies sy onderwys in die lig van God se Woord moet opbou en uitbou. Onthou, stilstand is agteruitgang.
- Dat daar baie meer Christelike skole, boeke, kursusse, onderwysers en ouerbetrokkenheid moet kom, dwarsdeur die hele land, vir alle volke en tale.

- Dat ons almal hande moet vat en saamwerk om meer te doen en te bou, ook ten opsigte van openbare skole en die openbare onderwys oor die algemeen.
- Dat ons van die gawes wat die Here ons gegee het, praktiese kennis, kundigheid, insig en aksies moet maak.

Daar is talle geleenthede en moontlikhede. Die Here wil hê dat ons dit moet benut. En Hy sal dit moontlik maak as ons sy gewillige en gehoorsame diensknegte is en wil wees. Hy bewys dit elke dag. Ons moet dit net raaksien. Daarom kan dit tyd word om 'n landsberaad daarvoor te belê. Praktiese planne en strategieë is nodig. Want Christelik-gereformeerde onderwys kan 'n belangrike bydrae lewer om die land uit sy huidige verknorsing te red.

Rob van der Kooy
Namens Aros

4 Mei 2012



Vervolg van bl. 16

aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

Slot

Kan evolusionisme, ateïsties of teïsties, met die Christelike geloof versoen word? Dit is voor-die-handliggend dat die antwoord “nee” is. 'n Keuse vir die evolusionisme is immers 'n keuse teen God, teen Sy Waarheid (Woord) en teen die Evangelie van die Here Jesus Christus!

As gelowiges het ons reeds in Christus vir God, vir Sy Woord en vir Sy eer gekies. Deur hierdie geloofskeuse het ons die verantwoordelikheid aanvaar om in hierdie wêreld – ook die wêreld van wetenskapsbeoefening – 'n Lig te wees. 'n Lig te wees deur te leef en te werk in gehoorsaamheid aan die Woord van God. 'n Lig te wees deur die Evangelie te verkondig en te verdedig. Mag die Here ons genadig wees, sodat ons ons roeping tot Sy eer kan vervul!



Nuwe soort geestelike boek beskikbaar

S.C. Wiid

Gereformeerde en Charismatiese kerke verskil oor die Bybel. Wat is die werklike verskil?

Hierdie boek verduidelik hoe gereformeerde en charismatiese kerke oor die Bybelse waarhede verskil. Hier volg enkele voorbeelde:

1 Die skepping van die mens

Charismatiese kerke glo dat God 'n mens se siel en liggaam geskep of gemaak het, maar dat 'n mens se gees nie geskep is nie – dat dit uit 'n deel van God se Gees geneem is. Jou gees is dus bonatuurlik, omdat dit uit 'n deel van God bestaan.

Gereformeerde kerke glo egter dat God al die dele van 'n mens geskep of gemaak het. Dus is niks van jou bonatuurlik nie.

2 Skeiding tussen goed en kwaad

Charismatiese kerke glo dat goed en kwaad tussen bonatuurlik en natuurlik geskei word. Hulle glo dat bese geeste natuurlik is en dat hemelse geeste bonatuurlik is. So word goed en kwaad tussen bonatuurlik en natuurlik geskei.

Gereformeerde kerke glo dat God se Gees die enigste bonatuurlike Gees is, omdat Hy nie geskep of gemaak is nie. Enige ander gees is geskep of gemaak en is dus natuurlik. Die hemelse geeste is verlig tenwyl die bese geeste verduister is. Die verskil

tussen goed en kwaad is dus 'n verskil tussen lig en duisternis – dit is nie 'n verskil tussen bonatuurlik en natuurlik nie.

3 Wedergeboorte

Charismatiese kerke glo dat die Heilige Gees, by wedergeboorte, 'n bonatuurlike bestanddeel in jou gees deponeer. Op hierdie manier word jou gees dan bonatuurlik.

Gereformeerde kerke glo dat God alleen bonatuurlik is. By wedergeboorte verlig die Heilige Gees die mens se gees met die lig wat Hy uitstraal. So word die mens se gees verlig, maar nie bonatuurlik gemaak nie. 'n Geestelike mens is egter 'n verligte mens – nie 'n bonatuurlike mens nie. Uit 'n gereformeerde oogpunt beskou is dit 'n gevaarlike sonde om te glo dat 'n mens se gees bonatuurlik is, want jy verhef jouself tot God se bonatuurlike bestaan waar slegs Hy enig in sy Wese is.

Soos u kan afee, verskil charismate en gereformeerdes se Bybelse waarhede van mekaar. Hulle glo dus nie in dieselfde soort waarheid nie. Hierdie boek sal jou help om te besluit wat die regte waarheid is.

Hierdie boek is verkrygbaar by: Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO), Posbus 1824, Bloemfontein 9300. Tel. 051-525 2267; E-posadres: vcho@mjvn.co.za.



Evolusie – ’n benadering vir hierdie tyd?

Verklaring

Die Pretoriase tak van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys reik, na bywoning van die seminaar: “Is evolusieteorie met ons Christelike geloof versoenbaar”, die volgende (media) verklaring uit:

Tydens die aanbiedings het geen inligting na vore gekom wat ons van die wetenskaplike geldigheid van die evolusieteorie oortuig het nie. Ons kon geen gronde vind dat die evolusieteorie in enige opsig met die Bybelse skeppingsopenbaring versoen kan word nie. Die Bybels-historiese skepping staan in skerpe teenstelling met die idee van ’n onverklaarbare lewensbegin deur ’n sogenaamde ‘oerknal’ en die daaropvolgende toenemend komplekse lewensvorme, volgens die evolusieteorie. Daar bestaan geen bewyse dat die mens uiteindelik sy ontstaan uit een gemeenskaplike afstammingslyn sou gehad het nie.

Daar is, benewens baie ander, veral drie bekende feite wat bevestig dat biologiese oorgang van een organisme na ’n ander, d.w.s. evolusionêr – nooit ooit plaasgevind het nie en op wetenskaplike gronde ook nooit kán gebeur nie. Dit behels die volgende:

- dat daar in die totale fossielrekord van alle tye en oor die hele wêreld heen, géén oortuigende eksemplare van oorgangsfossiele van een soort na ’n ander gevind kan word nie;
- dat daar geen voorbeeld bestaan van die omvorming van die DNS van enige soort om hoëre of meer komplekse vorms voort te bring nie; en
- dat die kompleksiteit van lewende entiteite waarvan die mens, nie deur toevalligheid verklaar kan word nie. Toevalligheid is geen skeppende mag nie.

Teenoor die evolusieteorie het die voordrag oor die benadering wat deur Christelike wetenskap gevolg word, die Bybelgetroue standpunt oor die ontstaan van alle lewende entiteite opnuut bevestig.

Dit bly ons oorwoë oortuiging, dat die bestaan van lewende entiteite op aarde in verskillende biologiese soorte en vorme, die skeppende handwerk van die Lewende God is – Hy wat elkeen deur sy soewereine magswoord en wysheid in aansyn geroep het.

Ons is ook oortuig dat die geskiedenis van die goddelike skeppingswerk deur die voorsienigheid van God vir ons betroubaar in die Genesisboek en in die hele Bybel weergegee is en dat dit op die weg van die Christelike wetenskap is om met die ontsluiting daarvan besig te wees.

21 Julie 2012



Vervolg van bl. 13

waar dit nodig is, bedwing en gestraf.” Dit is hoe die teorie lui.

In ’n volgende hoofstuk (in die boek) sal ons sien wat daar in die praktyk van hierdie ideale tereggekome het. Maar ook wanneer ons die toepassing eers buite beskouing laat, is dit duidelik dat hierdie leer, vanweë die beginsels daarvan, vir die Christen onaanvaarbaar is. Die Revolusie-teorie is *anti-Christelik*. Dit soek die kwaad alleen in die vorme en verwag alles van (plaas vertrou in) die mens. Dit gaan daarvan uit dat die mens van nature goed is, dat die voortreflikheid van sy aanleg enkel deur bygeloof en verdrukking onkenbaar gemaak word, en dat die verbreking van sy bande

hom met snelle vaart die volmaaktheid ook in die staatswese sal laat bereik ...

Maar, behalwe anti-Christelik, is die Revolusie-teorie ook *anti-histories*. Gewis, die volgelinge daarvan het hulle dikwels genoeg op die geskiedenis beroep. “En skynbaar nie sonder grond nie; die oppervlakkigheid waarmee die geskiedenis behandel is, was voordelig vir elkeen wat steunsels vir ongerymde leerstellinge gesoek het ... Van die fakkel van die nuwe wysheid is gretig gebruik gemaak tot beligting van die hele veld van die geskiedenis. So het hulle verval in wat Montesquieu – wat self gedurig daarin verval het – tereg die vrugbaarste bron van historiese dwalinge genoem het. In volke en tye het dit die voorstellinge oorgebring wat ten enemale vreemd daaraan was. En, soos drome teruggee wat die denkvermoë oordag besig hou, is dit nie vreemd nie dat ’n

mens die trekke wat die manne van die revolusie-teorie hulle vas in hulle geheue en gemoed ingeprent het, terugvind in die droombeelde wat hulle vir historiese ‘waarhede’ te koop aanbied. Die geskiedenis word ’n valse getuie, en hierdie valse getuie word ’n verdere kragtige middel om die openbare mening in die tuig van die revolusionêre rigting in te drywe. Die geskiedenis het ’n museum vol revolusionêre modelle, ’n wapenhuis vol revolusionêre wapentuig geword, tot vermoording van die waarheid.”

(Nota: Die oorspronklike taalgebruik is effens verwerk, met die oog op groter leesbaarheid; met onderstreping en verheldering d.m.v. invoeging in hakies – Red.)



Bekendstelling van die reeks: “Erwe vir ons kinders”

Die geskiedkundige reeks: “Erwe vir ons kinders” is ’n uitbreiding van die werk oor ons vaderlandse geskiedenis wat deur Kraal Uitgewers onderneem word. In hierdie reeks word persoonlikhede uit ons volkslewe van wie sommige hulle reeds as jongmense op ’n besondere wyse onderskei het, gehuldig. Die motivering is hoegenaamd nie dat hulle op hierdie wyse verheerlik wil word nie, maar om die aandag op hul getrouheid en standvastigheid in uiters uitdagende omstandighede te vestig. Dit hou meestal met gebeure ten tye van hoogspanning in ons geskiedenis, soos die Tweede Vryheidsoorlog, die 1914/15-rebellie, ens. verband.

Elkeen se lewe en optrede gryp om ’n besondere rede die bewondering en verbeelding aan, deurdat hulle karaktereenskappe tentoongestel het, wat daarop dui dat

hulle onwrikbaar in die Christelike geloof gestaan, en hulle optrede daardeur laat bepaal het. Dit is om hierdie uitstaande oorwegings dat hulle nagedagtenis in ons 21ste eeu steeds voortleef. Daaruit het die gedagte ontstaan dat hulle lewens op ’n aanskoulike wyse voorgestel moet word, deur die uitgee van ’n sestal ryklik-geïllustreerde boekies. Dit is op so ’n wyse saamgestel dat dit ook maklik deur ons kinders gelees kan word, met die illustrasies daarby, ter versterking van die tema en boodskap. Daar is op die volgende temas en persoonlikhede besluit:

Ons Volksleiers: Pres. Paul Kruger
Volksmartelare: Gideon Scheepers
Kinderhelde: Japie Greyling
Groot krygsmanne: Genl. Koos de la Rey
Volksheldinne: Mev. Nonnie de la Rey

Geloofshelde: Oom Nicolaas van Rensburg
 Die eerste drie titels in hierdie reeks het reeds verskyn en kan individueel of as ’n pakket aangekoop word. Die boekies kan van die VCHO bekom word deur tel. nr 051- 525 2341 te skakel of ’n bestelling per e-pos of per faks te plaas: vcho@mjvn.co.za of 051- 522 4513. Die prys beloop R180,00 vir (tans) die eerste drie titels gesamentlik, versending ingesluit, of R65,00 per enkeltitel, versending ingesluit.

Intekening op die volledige reeks word aange-
 moedig, vir welke doel die naam en adres aan die VCHO deurgegee kan word. Sodoende sal intekenaars seker maak dat hulle die volledige reeks ontvang, wanneer dit beskikbaar word.

**Uitvoerende beampte
VCHO**



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
 KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
 Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
 (051) 525 2341

Faks (051) 522 4513
 E-pos: vcho@mjvn.co.za

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
 sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
 Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
 (Pretoria), Ds S. le Cornu (Carleton-
 ville), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof
 I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker
 (Pretoria), dr A.L.A. Buys (Pretoria) en
 mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer
 (Brakpan), Prof J.A.E. Adendorff (Ger-
 miston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes